

Wenner woeker met grondorganismes

Bo die grondoppervlak produseer hy tafeldruiwe, sitrus en kontantgewasse, maar Agri Limpopo se Toyota Jongboer van die Jaar, mnr. Christoff Smit, boer eintlik onder die grond. Deur om te sien na die mikro-organismes verbeter hy jaar ná jaar sy opbrengste terwyl sy produksiekoste daal.



Met sy 30 jaar oue sitrusboord wat deesdae meer en beter vrugte dra as voorheen, kan hy sien dat hy nou met die besproeiing en bemesting van die boord op die regte pad is, sê mnr. Christoff Smit (32), Limpopo se Jongboer van die Jaar.

Die besproeiing- en bemestingstechnologie wat hy toepas op die vyf plase wat hy in die Groblersdal-omgewing bestuur, is daarop gemik om gewenste mikro-organismes te laat floreer en die grondprofiel op te bou en te herstel ná jare se tradisionele kunsmistoeiding. “Twee jaar gelede wou ons die boord vervang, nou is hy besig om om te draai.”

HN Pieterse Boerdery is ’n familieboerdery met mnr. Hendri Pieterse aan die hoof en Christoff se ma, Petra aan sy sy. Christoff bestuur die produksie op die vyf plase Krokodildrif, Bloempoot, Druive Diepkloof, Ambalagi en Diepkloof. Sy broer, Gert, is in beheer van die waardeketting.

FOKUS OP HOËWAARDEGEWASSE
Altesaam 600 ha word op die vyf plase

PLAASINLIGTING


LIGGING: Groblersdal, Limpopo

NAAM: Hendri Pieterse Boerdery

GROOTTE: Verskillende eenhede in die Groblersdal-omgewing, waarvan sowat 600 ha besproeiing met permanente gewasse is.

GRONDTIPE: Gruis

GEMIDDELDE REËNVAL: 580 mm per jaar



KORTOM

- Dié bestuurder van vyf plase pas gedurig nuwe tegnieke toe om die opbrengs te verhoog.
- Met die gebruik van ’n waterstelsel wat die indringingstempo verhoog, is die watergebruik met tot ’n derde verminder.
- Hy behaal groot sukses met gewasse, soos sitrus en druiwe, maar sy groot liefde is sy Bonsmaras.

besproei uit die besproeiingskemas van die Loskopdam en Mosesrivier. Daarvan is 160 ha tafeldruiwe wat onder skadunet verbou word. Suikermielies, groenbone en kommersiële mielies word op 90 ha verbou en 350 ha is sitrus.

Die room van die sitrusmandjie is 42 ha topklas Nova-sagtesitrus, waarvan 37 ha ook onder skadunet verbou word.

Ander hoëwaarde-sitruskultivars is 40 ha Cambrias, 11 ha Rustenburgers en 60 ha Eureka-suurlemoene. Christoff het ’n program waarvolgens hy elke jaar ál meer van dié

kultivars se boorde onder skadunet toespan.

Dit is die onkoste werd, sê hy, nie noodwendig in die opbrengs nie, maar in die uitpakpersentasies. “Ons kry tot 90% superklaslemoene uit ons Nova-boord onder die skadunet. Selfs al oes ons 80 ton/ha teen die standaard-uitpakpersentasie van 70% eerste-klas en 30% swakker klasse, kan dit nie met die inkomste van die 60 ton superklas-Novas per hektaar meeding nie,” sê Christoff.

Alle nuwe sitrusaanplantings is ook hoëwaarde-kultivars. Van die ouer sitrusblokke op die plase is kultivars, soos Delta en ▶



Mnr. Christoff Smit, Agri Limpopo se Toyota Jongboer vir vanjaar saam met sy vrou, Mariana, en hul seuntjie, Christoff jr.

LBW VRA ...

MNR. CHRISTOFF SMIT WIE IS JOU MENTOR IN DIE LANDBOU?

My pa (stiefpa) Hendri Pieterse. Ek leer daagliks nog ongelooflik baie by hom. My ma, Petra, het my geleer om met druiwe te boer.

WAT IS DIE BELANGRIKSTE LANDBOULES WAT JY GELEER HET?

Om nie te gaan lê nie; om op te staan en aan te hou. As die hael groot is en deur jou druiwenette slaan, dan begin jy ná die storm dadelik alles

weer regmaak.

WAT IS DIE GROOTSTE FOUT WAT JY NOG GEMAAK HET?

Om ál meer stikstof toe te dien vir 'n moontlike beter opbrengs. Ek dink dit is een van die grootste foute wat boere maak.

WATTER TEGNOLOGIE IS ONONTBEERLIK?

My Puricare-waterstelsels wat osoon en waterstofperoksied by die water voeg. Ek wil nie daarsonder boer nie.




BO: 'n Blok Red Globe-druiwe se blare word afgesny en die trosse uitgehang ter voorbereiding van die oestyd.

INLAS: As daar erdwurms in die grond is, is dit 'n teken dat die grond besig is om te herstel, sê Christoff. Hy sê 'n mens kan deesdae in enige boord grawe en jy sal erdwurms kry.

LINKS BO: Deur noukeurige rekordhouding weet Christoff wat die gemiddelde korrelgewig van elke kultivar is. Daarvolgens word trosse uitgedun en oesbeplanning gedoen. "Ons weet byvoorbeeld die gemiddelde Prime Seedless-korrel weeg 7 g, en om dus trosse van 450 g te oes, moet ons sowat 65 korrels aan elke tros hê.

HEEL LINKS BO: Die bestuur van sitrusboorde wat in sirkels aangeplant is en met spilpunte besproei word, is dalk ingewikkeld, maar hierdie ou navelboord lewer steeds 107 ton per hektaar.



“Risiko” is 'n woord wat geen boer wil hoor nie; daarom werk ons hard daaraan om dit uit te skakel.

Diversifikasie is 'n goeie strategie vir risikobestuur. Ons voortreflike geelbasterpakket bevat verskeie groeiklasse en agronomiese eienskappe ten einde die beste opbrengs op jou belegging te lewer. Maak seisoen vir seisoen op PANNAR se geelbasters staat vir jou sukses.



Saam boer ons vir die toekoms™

www.pannar.com
infoserve@pannar.co.za



© Geregistreerde handelsmerke van PANNAR BPK, © 2014 PANNAR BPK

2015/YMAIZE/A/03A/LW

◀ Palmers, en omtrent 60 ha daarvan is nog in sirkels onder spilpunte geplant. Vir Christoff is die bestuur van hierdie boorde 'n groot kuns. Hy sou verkies dat alle rye noord-suid loop sodat elke boom ewe veel son aan elke kant van die ry kry, maar bome wat in sirkels geplant is, kry op plekke net aan die een kant son, terwyl die ander kant heeldag in die skaduwee is. "Ons sal dié boorde mettertyd vervang en oorskakel na drupbesproeiing toe, maar nou is opbrengste goed genoeg en selfs besig om te verbeter."

WONDERWATER

Die verbetering wat Christoff in al sy gewasse se opbrengste sien, volg op die gebruik van 'n Puricare-stelsel wat osoon en waterstofperoksied by die water voeg. Dit hou druppers skoon, verryk die water se suurstofvlakke en verbeter die water-infiltrasietempo. "Ek gebruik nou omtrent 'n derde minder water as voorheen en die waterfilters bly skoon sonder alge-aanpaksels."

Die suurstofryke water skep aërobiese toestande. Aalwurms hou van anaërobiese toestande. Die water maak hulle nie dood nie, maar verdryf hulle. Aangesien die water die grond beter binnedring, maak dit verdigingslae los en dra suurstof dieper in die grond in, wat die plante meer wortels laat vorm. Christoff sê baie mense kan nie glo hoe diep sy bome se wortels groei nie.

Om sy besproeiing te skeduleer maak hy staat op sensors wat die vog van 10 cm tot 80 cm onder die grond monitor. Dié sensors

stuur elke uur data na 'n sentrale bediener via GPS. Christoff kan dus enige boord of druiweblok se grondvog uit die kantoor monitor.

DIE GOGGAS IN DIE GROND

Sy belangstelling in grondorganismes het hom op die spoor van die Puricare-stelsel gebring. "Ek is gedurig besig om oor mikro-organismes te lees en na te vors. So het ek op dié stelsel afgekom wat daarop gemik is om die ondergrondse organismes te bevoordeel."

Hy probeer gifstowwe sover moontlik vermy en werk saam met Dagutat, 'n organiese landboumaatskappy, wat hom van biologiese middels voorsien om plae te bestry.

Dit is egter nie moontlik om heeltemal weg te doen met landbouchemikalieë nie, veral by druiwe waar daar dikwels voorkomend gespuit moet word teen blaaspootjie en donsskimmel. "Jy kan nie met druiwe wag vir probleme en dit dán wil behandel nie."

Hy gebruik elektrostatiese gifspuite op druiwe én sitrus, wat sy bedekking baie verbeter. "Omdat ons sulke lae minimum residu-vlakke het, kan ons ons produkte in enige supermark in Europa verkoop. Baie mense beskou dit as organies."

Christoff gebruik geen glifosaat nie omdat hy glo dit is nadelig vir die mikro-organismes in sy grond. Om sy bestaande mikro-organismes te voed en kunsmisloging te verminder, dien hy humien- en fulviensure toe. Hy toets gereeld die swam- en bakterie-samestellings in sy grond en gebruik Omnia se Fungimax en Organoboost om die gewenste vlakke te



Die Puricare-stelsel bestaan uit osoonligte in buise, van waar die osoon dan saam met waterstofperoksied by die water gevoeg word om suurstofryke watermolekules te vorm.

bewerkstellig. Eenjarige gewasse wil meer bakterieë hê en permanente gewasse meer swamme. Hy laat elke jaar 'n Omni-bio-ontleding doen om te sien hoe sy grond vaar.

Hy dien deesdae al minder stikstof toe. Op sy groenboontjies het hy vanjaar byvoorbeeld sy stikstof gehalveer en steeds 13 ton/ha geoes, met geen siektedruk of insekprobleme nie. "As daar te veel stikstofnitrate is, val goggas jou plante baie erger aan."

"Ons boere het lank geglo ons moet net meer stikstof in ons grond sit om beter opbrengste te kry, maar versteur dan die een-tot-tien-verhouding tussen koolstof en stikstof wat die mikro-organismes verkies wat die stikstof omskakel. Hulle gebruik dan die humus in die grond om hul werk te doen en verarm sodoende die grond."

Hy is baie gesteld daarop om niks onnodigs toe te dien nie en doen deurentyd sap- en blaarontledings om seker te maak watter elemente sy plante nodig het. "Ek gee net wat ek moet en wat die plant nodig het. Ek wil nie te veel gee nie; dis mors en onnodig."

Sy opbrengste getuig van sy sukses. Hy oes gemiddeld 13 ton groenboontjies per hektaar, 20,7 ton suikermielies per hektaar en gemiddeld 16 ton geel mielies per hektaar. Op sy hoë-inkomste-sitrusboorde kry hy 65 ton Nova's per hektaar, 50 ton/ha by jong Cambriabome en 60 ton Rustenburgers per hektaar. Van die ouer boorde vaar selfs beter, met navels wat tot 107 ton/ha oplewer. Hy verkies egter die gehalte en pryspremie van die hoëwaardesitrus.

Uit die 160 ha tafeldruiwe sal HN Pieterse Boerdery vanjaar sowat 600 000 kartonhouers vir die uitvoermark lewer.

WOU EERS NIE BOER ...

Toe hy in 2001 aan die Hoërskool Ben

BONSMARAS SY PASSIE

Mnr. Christoff Smit sê dit is die noukeurige prestasietoetsing en rekordhouding van die Bonsmara-telersgenootskap wat die ras vir hom so aantreklik maak, en ook die teelfilosofie van prof. Jan Bonsma, wat die ras duidelike rigting gee. "Ek is 'n perfeksionis. Ek hou van presisie en die Bonsmaras pas baie goed in by my sienswyses en persoonlikheid."



Christoff is baie trots op dié Bonsmarabulle wat uit sy stoetery Sebatja Bonsmaras opgeteel is. "Die Bonsmaras is my witbroodjies," bieg hy.

Van sy eerste vier koeie in sy studentedae spog hy vandag met 'n kudde van 150 koeie wat in twee dektye afwisselend deur sy drie kuddevaars gedek word.

Hy het sy stoetery, Sebadja Bonsmaras, in 2007 geregistreer. Dit is deel van die Bonsmaragroep Nu-Alcade wat saam al hul veilings op Bela-Bela aanbied en as groep bemark en adverteer. Die stoetery is Christoff en sy pa s'n en nie deel van die familieboerdery nie.

"Ek glo ná dié droogtesiklus gaan baie boere, wat nou hul kuddes kleiner gemaak het, weer beeste soek en dan gaan die pryse weer verstewig." Hy glo wildspryse sal uiteindelik stabiliseer, wat boere weer sal laat terugkeer na beeste toe.

Wild is egter ook 'n vertakking van HN Pieterse Boerdery. Op die bergplaas Diepkloof van 3 000 ha word daar met njalas geteel en hulle hou koedoes, rooibokke en blouwildebeeste aan. "Hoewel ons met die njalas teel, beplan ons om in die toekoms die ander wild vir vleisproduksie te oes."



Christoff bespaar op chemikalieë en deur die elektrostatische stelsels waarmee sy spuitwaens toegerus is.

Viljoen op Groblersdal gematrikuleer het, het Christoff dit duidelik gemaak dat hy nie in die boerdery belang stel nie. Hy wou in die stad in 'n rekenaar-riktigting gaan werk. Dus het hy B.Com. (Ekonomie en Informatica) aan die ou Potchefstroomse Universiteit gaan studeer.

Toe hy egter eendag, half teensinnig, saam met sy pa na 'n Bonsmara-veiling op Bela-Bela gegaan het, het die rooi beeste hom betower. "Om die beeste daar te sien, was vir my vreeslik mooi. Ek het vir my pa gesê dit is wat ek wil doen."

Hendri was skepties, maar het tog 6 ha op die plaas aan Christoff afgestaan. Christoff het alles wat hy oor Bonsmaras kon kry, gelees en geleer waar hy kon. Sy stadsdrome het hy laat vaar en elke naweek van Potchefstroom af Groblersdal toe gery om te kom kampe span, halfhektar-kampe met 'n gang in die middel. Hy kon ná 'n rukkie vir hom vier koeie koop en het begin om 'n kudde op te bou.

BEGIN AS WERKER

Sy ma het destyds na die druiweboerdery omgesien en hom by haar bedrywighede betrek, maar heel onder laat begin. "Soos enige ander werker het ek 'n ry druiwe gekry om te snoei."

Christoff sou later bestuurder van die boerdery se druiwe-afdeling word en veel later van die ander gewasse. Hy moes sy pad opwerk in die boerdery, waarvan die druiwe die ruggraat is.

Christoff het dit wat sy ma vir hom oor die manipulasie

en hantering van druiwe geleer het, as grondslag gebruik en daarop uitgebou deur met nuwe idees te eksperimenteer. Hy het byvoorbeeld nou op 'n blok Crimson-druiwe die snoei-metode verander en hy wil die vrugbaarheid in dié blok druiwe in een jaar verdubbel.

Die boerdery verbou 13 verskillende tafeldruiwekultivars wat op verskillende tye van die seisoen gereed is om te pluk. Die meeste kultivars is pitloos en daar is rooi, wit en swart druiwe.

"Ons wil rooi en wit kultivars hê wat gelyktydig ryp word as ons hoof-uitvoermarkte in die Verre-Ooste, Europa en Brittanje eintlik versadig is. Ons pak dan wit en rooi druiwe om die helfte in dieselfde houer. Dis baie gewild. Só skep ons 'n mark in 'n moeilike tyd van die jaar."

Die boerdery voer al sy produkte self uit. Hier is Gert in beheer en hy hanteer ook die uitvoer van 'n groep van sowat agt top-druiweboere. Hy is ook in beheer van die vloot van 12 vragmotors wat sorg dat die druiwe in Kaapstad en die sitrus in Durban by die hawe uitkom.

"Ek is uiters bevoorreg om saam met by broer te werk wat na die bemerking en logistiek omsien en 'n pa te hê wat my nuwe denke en sienswyses aammoedig. Saam met sulke mense is dit maklik om uitsluitlik op produksie te fokus en vooruit te boer," sê Christoff. **LBW**

NAVRAE: Mnr. Christoff Smit, sel **082 854 8316**; e-pos: **christoff@hnpierse.co.za**.



Boere wat die beste verwag, kies die beste.

Kies PANNAR se besproeiingsbasters vir buitengewone resultate. Ons bied ook 'n verskeidenheid praktiese boerderyoplossings en koste-effektiewe bestuurspraktyke. Ons YIELDBOOST™ swam- en insekdoderspuitprogramme bied byvoorbeeld 'n omvattende koste-effektiewe risikobestuurspakket om die beste moontlike winspotensiaal vir jou onderneming te bied.



Saam boer ons vir die toekoms™

www.pannar.com
infoserve@pannar.co.za



© Geregisteerde handelsmerke van PANNAR BPK, © 2014 PANNAR BPK

2015/MAI/ZA/05A/LV